Beleid om te adverteer

1.1 Stuktuur
Alle navrae om advertensiemateriaal te versprei, te plaas of op te rig word deur Departementshoof Buite-kurrikulêr hanteer in samewerking met die hoof.

1.2 Hoofdoelwit
Die inwin van fondse vir die skool. Alleenlik adverteerders waarvan die produk of diens tot voordeel van die leerders, ouers en gemeenskap strek, sal oorweeg word. Inhoud en kunswerk van advertensiemateriaal word gekeur.

1.3 Aansoeke
Adverteerders kan telefonies of per e-pos navraag doen. Die Departementshoof sal die aansoek met die hoof bespreek en daarna word `n afspraak met die persoon gereël, sou dit nodig wees om verdere inligting te bekom.

1.4 Buiteafrigters
Buite-afrigters word toegelaat om tydens skool se **opedag** plakkate op te sit, of in die voorportaal uit te stal.

1.5 Kontrak met buite afrigters
Word jaarliks opdateer en fooie word aangepas. Fooie word in oorleg met die hoof vasgestel en hang af van die aantal kinders van ons skool en aantal leerders van ander skole. Die fooi word ook aangepas indien kleedkamers of ander fasiliteite van die skool ook gebruik asook die grootte van die lokaal bv. saal of klaskamer of veld.

1.6 Plakkate
Enige instansie wat dmv `n plakkaat wil adverteer, moet met Departementshoof reël. Inbetaling moet by finansieskantoor gedoen word. Plakkate word na twee weke verwyder. Indien die instansie die plakkaat wil terughê, moet dit deur hulle afgehaal word. Prys beloop R50 per plakkaat vir twee weke.

1.7 Strooibiljette uitdeelfooi.
R 1 per kind, die aantal leerders x R 1 byvoorbeeld, net oudstes en enigstes. Inhoud word gekeur.

1.8 Uitstalling tydens pouse (slegs vir personeel)
Word met Departementshoof gereël. Kostes beloop R100 per pouse. Materiaal word gekeur.

1.9 Adverteer in nuusbrief
Geen advertensies op nuusbrief. Slegs nie-winsgewende inhoud bv. saamry-geleentheid of gemeenskapdiens.

1.10 Skoolblad
Moet twee maande voor datum van uitgawe ingehandig word in hardekopie sowel as per e-pos. Inhoud word gekeur. Kunswerk in jpeg. formaat.
Koste:

Visilekaartjie grootte	R 250
Kwartblad	R 500

1.11 Adverteer op webblad

Opsie 1 – Plasing van instansies se eie kunswerk op blad van adverteerder se keuse bv. sportblad, kultuurblad ens. Slegs borge word op **tuisblad** geplaas.

Koste:

Visiekaartjiegrootte	R 500 vir 6 maande
	R 900 vir 12 maande

Opsie 2- Plaas van eie kunswerk ens. `*n Kliek hier funksie* word gekoppel aan adverteerder se eie webblad.

Koste:

	R600 vir 6 maande
	R 1 000 vir 12 maande

1.12 Borge

Vir borge kan bogenoemde opsie 1 gratis gedoen word vir 6 maande asook een plasing in skoolblad.

Alle borge klein /groot moet aangeteken word op borgevorm en ingedien word by Departementshoof vir moontlike uitnodiging na borgeaand en plasing op webblad.

Borge meer as R 500 kan kwalifiseer vir webblad en R 5 000 of meer vir borgeaand